Aasvoëlrestaurante

‘n Aasvoëlrestaurant is ‘n plek waar vars, gifstofvrye vleis en/of die karkasse van vee of wilde diere uitgeplaas word vir aasvoëls en ander aasvreters. Deur aasvoëls by aasvoëlrestaurante te voer, kan bygedra word tot die oorlewing van hierdie voëls, veral gedurende tye wanneer kos skaars is en wanneer jong voëls die nes verlaat. Aasvoëls, asook verskeie ander groot voëls, is onder druk weens verskeie redes in die moderne wêreld as gevolg van die toename in die menslike bevolking.

Vir boere of grondeienaars is ‘n aasvoëlrestaurant ‘n goedkoop manier om van afvalprodukte of karkasse, wat nie geskik is vir menslike gebruik nie, ontslae te raak. Boere plaas karkasse uit van vee wat van ‘n siekte gevrek het of deur die weerlig doodgeslaan is. Dit is baie goedkoper om so van karkasse ontslae te raak as om dit te verbrand of te begrawe.

Wanneer karkasse uitgeplaas word, moet seker gemaak word dat dit nie met gifstowwe (bv. Barbiturate om dit uit te sit) of veeartseny-middels, soos diclofenac en ander nie-steroide anti-inflammatoriese middels behandel was nie (NSAIDs).

‘n Aasvoëlrestaurant is ‘n oop gebied in die veld waar die aasvoëls veilig kan land en opvlieg. Dit is die beste om dit weg van paaie en mense te maak sodat die aasvoëls nie versteur sal word nie. Die aasvoëlrestaurant moet ook weg van kraglyne geplaas word sodat die voëls nie met die kraglyne bots of daardeur dood geskok word nie. Die gebied moet ongeveer 50 m by 50 m wees en moet omhein word om rooi jakkalse en ander moontlike probleemdiere uit te hou. Indien moontlik, moet die gras gesny of gebrand word om dit kort te hou, want aasvoëls voel onveilig in lang gras. Indien daar ‘n dooie boom naby is waarop hulle kan gaan sit voordat hulle na die karkas afgaan, sal hulle ook veiliger voel. ‘n Vlak watergat in die omgewing waarin die aasvoëls kan bad, sal help om hulle uit waterkrippe te hou waaruit vee moet drink.

Indien die bene van tyd tot tyd stukkend gekap kan word, sal dit stukkies been verskaf wat die aasvoëls kan inneem om in hulle kalsiumbehoeftes te voorsien. Die restaurant moet skoon gehou word sodat dit nie ‘n morsige plek word wat minder aasvoëlvriendelike bure kan aanstoot gee nie.

‘n Aasvoëlrestaurant moet slegs begin word in gebiede waar aasvoëls van tyd tot tyd aangetref word, want anders lê die karkasse en verrot en lok net vlieë.

Teks deur Steven Piper

Vir verdere Inligting kontak asseblief die

Endangered Wildlife Trust
Birds of Prey Programme E-pos: raptor@ewt.org.za
Private Bag X11, Modderfontein, 1645, South Africa
Telefoon: +27 11 372 3600
Faks: +27 11 608 4682
www.ewt.org.za